Dink mooi oor afslag as beloning

TERTIUS MAREE
tertius@section.co.za

DEELTITEL-FORUM

Mense, het ek heelwat reaksie gekry ná my stelling in 'n vroeër rubriek dat menseregte bloot fiksie is!

Hoe durf ek so iets kwytraak rakende iets so "basies"?

Maar ek sê dit weer: Mense word sonder regte gebore en dit wat ons die reg noem, is bloot 'n mensgemaakte fiksie wat ons as werklik en bindend aanvaar omdat almal geleer het om dit te glo.

Daarmee bedoel ek natuurlik nie dat dit sonder waarde is nie.

Laat ek dit in perspektief stel: Geld is waarskynlik die grootste en belangrikste fiksie waarin ons geleer het om te glo.

Geld bestaan nie werklik nie. Het die velletjies papier enige werklike waarde?

Selfs al glo ons dat dit 'n belofte is van die Reserwebank om te betaal, is dít nie werklik die grondslag van die waarde nie.

Die waarde van geld lê eenvoudig daarin dat ons almal glo dat dit waarde het.

Waarby ek egter eintlik wil uitkom, is dat die fiksie van ons reg 'n mensgemaakte ding is waaraan daar voortdurend geskaaf en getimmer moet word.

Ek kyk vandag spesifiek na voorbeelde in die voorgeskrewe bestuursreëls vir deeltitelskemas.

Bestuursreël 26 handel onder meer oor begrotings. Subreël (1)(e) bepaal dat die regspersoon die volgende moet doen:

"...prepare budgets ... provided that such budgets may include discounts not exceeding 10 per cent of a member's annual contributions applicable if all those contributions are paid on or before the due dates."

Die voorskrif rakende afslag is gelukkig nie verpligtend nie.

Dit is duidelik 'n poging van die wetgewer om die goeie en getroue betalers te beloon, eerder as om die wanbetalers te straf.

Maar is dit behoorlik deurdag en is dit prakties werkbaar?

Kom ons aanvaar die "werklike" heffings word volgens die begroting teen R12 000 per eenheid per jaar vasgestel.

In paaiemente beteken dit R1 000 per maand. As die begroting voorsiening moet maak vir die 10%-afslag, moet daar begroot word dat almal op die afslag geregtig sal wees.

> **Geld is waarskynlik die grootste en belangrikste fiksie waarin ons geleer het om te glo. Geld bestaan nie werklik nie. Het die velletjies papier enige werklike waarde? Selfs al glo ons dat dit 'n belofte is van die Reserwebank om te betaal, is dít nie werklik die grondslag van waarde nie.**

Dit beteken dat die maandelikse heffings per eenheid verhoog sal word na R1 100 per maand of R13 200 per jaar.

Maar let daarop dat geen afslag toegelaat word voordat die eienaar nie al die paaiemente van sy heffings ten volle en betyds betaal het nie.

Dit beteken daar is 'n wagperiode tot die laaste maand van die finansiële jaar.

Indien die eienaar dan alles betyds betaal het, is die persoon geregtig op 'n afslag van 10% – bereken op sy/haar werklike heffings van R12 000.

Die afslag wat die eienaar dan moet kry is R1 200.

Die volgende vraag ontstaan egter: As die eienaar se maandelikse heffing vir die laaste maand, sonder afslag, maar R1 000 beloop, hoe word die R1 200-afslag aan hom toegedeel?

Dít veral in die lig van bestuursreël 21(2)(b) wat meld dat geen heffing wat wettig toegedeel is, aan 'n eienaar terugbetaal mag word nie.

Dit is maar een van die probleme met die guns wat die wetgewer die goeie en getroue betalers wil toedeel. Die uitwerking van hierdie tipe reëling kom eintlik maar net neer op 'n 10%-heffingsverhoging vir almal.

Is dit wat ons wil hê?

Die wetgewer se jammerhartigheid vir wanbetalers het nog veel erger gevolge as die afslagreëling.

Kyk na bestuursreël 25(4 en 5) wat bepaal dat regskoste slegs van 'n wanbetaler verhaal mag word indien daardie koste getakseer is, óf die wanbetaler daartoe ingestem het.

Meer nog, die skuldenaar se rekening mag met geen items soos regskoste gedebiteer word, tensy dit gedoen word ingevolge die bepalings van 'n vonnis van 'n hof óf 'n bevel van 'n ombud of arbiter nie – óf weer eens, tensy die skuldenaar daartoe ingestem het.

Toestemming deur die skuldenaar is iets waarvan jy maar in die praktyk kan vergeet. Kom ons laat dit dus eerder net daar.

Die uitwerking van hierdie bepalings is as volg: In elke geval waar agterstallige heffings aan 'n prokureur vir invordering oorhandig word, is die prokureur verplig om die skuldenaar te dagvaar en dan ook 'n vonnis teen hom te laat uitreik.

In my eie praktyk het ons 'n 90%-sukseskoers wat betref die invordering van agterstallige heffings, sonder dat dit nodig is om die persoon te dagvaar.

Daar is egter koste wat aangegaan word.

Ten einde hierdie koste te kan verhaal en die trustees in staat te stel om die koste teen die eienaar se rekening te debiteer, verplig die wetgewer ons nou om onnodig 'n dagvaarding en vonnis te laat uitreik.

Dit kos nie net nóg meer geld nie, maar is ook baie nadelig vir die skuldenaar, asook die howe wat reeds met onnodige werk oorlaai is.

Hieraan moet daar definitief ernstig getimmer en geskaaf word.